Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# 'Pofeet' Babi pleit volgende week op klagte van omkopery

29 October 2020 | Howe



1.

0 0 0

Die selfverklaarde profeet Jackson Babi en 'n medebeskuldigde wat glo polisieondersoekbeamptes met N$13 000 probeer omkoop het, sal volgende week in die hof pleit.

Babi en mnr. Ananias Ananias het vandag weer in die Windhoekse landdroshof verskyn waartydens hulle ingelig is dat die ondesoek na die omkoperysaak voltooi is en hulle op Vrydag 6 November kan pleit.

Die besluit vir die twee beskuldigdes om te pleit is in die hof tussen hul regsverteenwoordiger, mnr. Kadhila Amoome en die staatsaanklaer, me. Precious Matali, ooreengekom.

Landdros Samunzala Samunzala was op die bank.

Buiten die klagte van omgekopery staar Babi en Ananias ook elk 'n klag van die onwettige besit van twee renosterhorings, 'n vuurwapen en ammunisie sonder 'n lisensie in die gesig.

In hierdie saak is Babi en Ananias saam met ses ander mans, 'n polisiebeampte van die beskermingseenheid vir baie belangrike persone ingesluit, in hegtenis geneem.

Hierdie saak duur in die Gobabis-landdroshof voor waar die renosters in die Omahekestreek gestroop is.

Babi en Ananias bly in aanhouding in die afdeling vir verhoorafwagtendes in die Windhoek-polisiekantoor met geen opsie van borgtog nie. - Nampa

Foto Francoise Steynberg